**13 MEI** **SKRIFGEDEELTE: NUMERI 29:1-11**

**FOKUSGEDEELTE: NUMERI 29:2, 6, 8**

## Ons lewe –'n dankbare offer wat vir God aanneemlik is

Hierdie gedeelte sluit aan by dit wat ons in Levitikus 23:23 en verder lees. Dit handel oor voorskrifte oor wat daar op bepaalde dae moet gebeur en veral watter offers op dié dae gebring moet word. Hoekom die offers? Hoekom die voorskrifte? Levitikus 23:23-25 skryf voor dat die eerste dag van die sewende maand "moet 'n rusdag wees, 'n gedenkdag wat met die blaas van die ramshorings aangekondig word, 'n gewyde byeenkoms." Numeri 29:1 wys op die dag "vol feesvreugde vir julle."

Wat wil ons met ons offers aan die Here bereik? Wil ons Hom vergoed? Wil ons Hom help om die verkondiging van die evangelie moontlik te maak? Is ons dalk besig om met die bring van ons offers 'n bedekte agenda te volg?

Offervoorskrifte was ook voorskrifte vir feesvreugde. Sonder die ware feesvreugde kan daar nooit 'n offer wees "wat deur die Here aanvaar word" nie. (Vergelyk vs. 2, 6, 8. Die OAV praat van "'n lieflike geur" vir die Here.) Geld hierdie voorskrifte vandag nog? Die bepaalde voorskrif oor die samestelling van die offer dalk nie meer nie, maar die gesindheid waarmee 'n offer gebring moet word, geld steeds.

Bring ons ons offers met vreugde? Dalk moet ons net eers vra of ons enige rede tot vreugde het. Wat is daar in jou verhouding met God wat jou tot vreugde stem? Is die offer wat Jesus Christus ter wille van jou aan die kruis gebring het, vir jou 'n werklikheid? Wek dit by jou 'n gevoel van vreugde as jy daaraan dink dat Christus *alles* ter wille van jou gedoen het? Hoor dan wat die Here sê (Rom. 12:1): "En nou doen ek 'n beroep op julle, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is." Is jou hele lewe as offer 'n "lieflike geur" voor die Here?

*Sing: Psalm 4:3* *Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)*